



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 10

REKENINGKUNDE

JUNIE 2018

PUNTE: 200

TYD: 2 UUR

Die vraestel bestaan uit 11 bladsye, hierdie een ingesluit

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG 1: 40 punte; 20 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
AARP-Beginsels, Rekeningkundige vergelyking en BTW	Finansiële rekeningkunde AARP-Beginsels Rekeningkundige vergelykings BTW begrippe

VRAAG 2: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Grootboekrekenings, vertolking van rekeninge en interne beheer	Finansiële rekeningkunde Grootboekrekenings Vertolking van kontrole rekenings Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 3: 15 punte; 10 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Debiteuregrootboek	Finansiële rekeningkunde Grootboekrekeninge

VRAAG 4: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Begrippe, Salarisjoernaal en Interne beheer	Finansiële rekeningkunde Begrippe Salarisjoernaal Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 5: 50 punte; 35 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Algemene Joernaal	Finansiële rekeningkunde Jaareind aansuiwerings

VRAAG 1: AARP, REKENINGKUNDIGE VERGELYKINGS EN BTW
(40 punte; 20 minute)

GEVRA:

- 1.1 Pas die AARP-beginsels wat in KOLOM A voorkom by die korrekte beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Besigheidsidentiteit	A Inkomste en uitgawes aangegaan moet in dieselfde finansiële tydperk teen mekaar afgepaar word.
1.1.2 Historiese Koste	B Finansiële state word konserwatief voorberei.
1.1.3 Paringsbegrip	C Bates word teen historiese koste getoon
1.1.4 Lopende saak	D Finansiële state word opgestel met die aanname dat die onderneming sal voortgaan om sake in die toekoms te doen.
1.1.5 Omsigtigheidsbeginsel	E Transaksies wat nie 'n beduidende effek op die uitkoms van die onderneming se finansiële resultate het nie, word nie geboekstaaf indien dit geld vereis nie.
	F Die finansiële sake van 'n onderneming moet geskei word van die finansiële sake van die eienaar

(5)

1.2 RAMAHODI HANDELAARS

Die inligting van Ramahodi Handelaars op 31 Mei 2018 word voorsien.

GEVRA:

- 1.2.1 Toon die onderstaande aansuiwerings se invloed op die rekeningkundige vergelyking.

AANSUIWERINGS:

- A. Die eienaar, R. Ramahodi, het skryfbehoeftes, verkoopprys R1 650, aan 'n welsynsorganisasie geskenk.
- B. Kontantverkope van goedere, R660 (Koste van verkope R440)
- C. Handelsvoorraad op krediet van Gallileo Verskaffers aangekoop, beloop R3 740.
- D. 'n Debiteur, S Mateka, het sy rekening van R1 100 ten volle vereffen met 'n tjek vir R960 en R140 korting is toegestaan.
- E. Zumba handelaars wat R500 verskuldig was, is insolvent verklaar. Sy boedel betaal 60 sent in die rand en die res moet as oninbaar afgeskryf word.

(27)

1.3 PROGRESS DRUKKERS

Die eienaar is nie seker of hy vir BTW moet registreer nie.

- 1.3.1 Waarvoor staan die afkorting BTW? (1)
- 1.3.2 Wat is die BTW-koers vanaf 1 April 2018 in Suid-Afrika? (2)
- 1.3.3 Waarvoor staan die afkorting "SAID"? (1)
- 1.3.4 Verduidelik die verskil tussen 'vrygestelde-' en 'Zero-koers-items' (4)

40

VRAAG 2: GROOTBOEKREKENINGE EN VERTOLKINGS

(50 punte; 30 minute)

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Tello Handelaars vir Mei 2018.
Alle goedere word teen 'n winsgrens van 50% op kosprys verkoop.

GEVRA:

- 2.1 Boek oor na die volgende rekenings in die Algemene Grootboek:
- Bank (7)
 - Debiteurekontrole (12)
 - Koste van verkope (9)

INLIGTING:

- A. Saldo's en totale op 1 Mei 2018:

	R
Bank (Dt.)	13 550
Debiteurekontrole	21 678
Koste van verkope	49 987

- B. Totale van die joernale op 31 Mei 2018:

Kontantontvangstejoernaal

BANK	VERKOPE	KOSTE VAN VERKOPE	DEBITEUREKONTROLE		DIVERSE REKENINGE
			ONTVANGSTES	KORTING TOEGESTAAN	
99 999	62 222	41 482	22 222	3 333	15 555

Kontantbetalingsjoernaal

BANK	HANDELS-VOORRAAD	DEBITEURE-KONTROLE	KREDITEUREKONTROLE		DIVERSE REKENINGE
			BETALINGS	KORTING ONTVANG	
102 300	65 400	2 450	23 950	2 785	15 000

Debiteurejoernaal

VERKOPE	KOSTE VAN VERKOPE
24 600	?

Debiteure-afslagjoernaal

DEBITEURE-AFSLAG	KOSTE VAN VERKOPE
6 600	4 400

Algemene Joernaal

ALGEMENE GROOTBOEK		DEBITEURE-GROOTBOEK		KREDITEURE-GROOTBOEK	
DEBIET	KREDIET	DEBIET	KREDIET	DEBIET	KREDIET
		1 234	246	1 212	4 321

2.2 ABC MEUBELHANDELAARS

Die volgende Krediteurekontrolerekening verskyn in die grootboek van ABC Meubelhandelaars vir Mei 2018. Alhoewel die krediteure hul 30 dae krediet toestaan, is dit hul beleid om so gou as moontlik hul krediteure se rekeninge te vereffen.

GEVRA:

Bestudeer die volgende rekening en beantwoord die vrae wat volg.

KREDITEUREKONTROLE

2018 MEI	30	Bank en korting	KBJ	47 000	2018 MEI	1	Saldo	a/d	28 000
		Diverse rekeninge / Totale terug sendings	KAJ	6 900			Diverse rekeninge/ Totale aankope	KJ	34 500
		Diverse rekeninge	AJ	200			Diverse rekeninge	AJ	500
		Saldo	o/d	8 900					
				63 000					63 000
					2018 Junie	1	Saldo	a/d	8 900

VRAE:

- 2.2.1 Watter dokument onderskryf die inskrywing van R34 500 aan die kredietkant? (2)
- 2.2.2 Gee EEN moontlike verklaring vir die kredietinskrywing van R500. (2)
- 2.2.3 ABC Handelaar word deur krediteure met rente op oortrokke rekeninge belas. Hoe kan dit in die toekoms vermy word? Gee TWEE voorstelle. (4)
- 2.2.4 Die saldo van die Krediteurelys en die Krediteurekontrole stem nie ooreen nie. Wat moet die boekhouer doen om ooreen te laat stem? Gee TWEE voorstelle. (4)
- 2.2.5 ABC Meubelhandelaars is ontevrede met die gehalte van die meubels wat deur die verskaffers verskaf word. Gee 'n verduideliking met 'n bedrag ter ondersteuning van jou antwoord. (4)

2.3 INTERNE BEHEER VAN KANI HANDELAARS

Die eienaar, Kananelo Tsotetsi, is besorg oor die kontantdeposito's. Die kontantverkope van R23 000 op 12 Januarie 2018 is eers op 27 Januarie 2018 in die bank gedeponeer.

GEVRA:

- 2.3.1 Verduidelik die probleem met die kontantdeposito's. Verskaf bewyse as ondersteuning. Gee en verduidelik TWEE strategieë om die probleem in die toekoms te voorkom.

(6)

50

VRAAG 3: DEBITEUREGROOTBOEK

(15 punte; 10 minute)

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Fralize Handelaars.

GEVRA:

- 3.1 Voltooi die Debiteuregrootboek van D. Dawie vir April 2018.

TRANSAKSIES

April

- 1 Die bedrag verskuldig deur D. Dawie aan die onderneming beloop R2 134.
- 5 Reik faktuur 23 uit vir goedere op krediet aan D. Dawie vir R1 375 verkoop.
- 9 Ontvang 'n tjek van D. Dawie vir R1 995 ter vereffening van sy rekening soos op 1 April 2018. Reik kwitansie 555 uit.
- 12 Verkoop goedere ter waarde van R790 op krediet aan D. Dawie, faktuur 88.
- 16 Reik kredietnota nommer 154 aan D. Dawie uit vir R415.
- 20 D. Dawie betaal die onderneming R950 per tjek. Kwitansie nr. 598 is aan hom uitgereik.
- 23 Die bank stel die onderneming in kennis dat D. Dawie se tjek geweier (gedishonoreer) is weens onvoldoende fondse.
- 24 Die debiteur, D. Dawie is belas met R25 rente.
- 30 Skryf D. Dawie se rekening af as oninbaar.

15

VRAAG 4: BEGRIPPE, SALARISJOERNAAL EN INTERNE KONTROLE
(45 punte; 25 minute)

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

4.1.1 Salarisse word weekliks per tjek betaal.

4.1.2 Lone word weekliks kontant betaal.

4.1.3 WVF is 'n verpligte aftrekking van 1% en word slegs deur die werknemers en werkgewers betaal.

4.1.4 Slegs die werkgewers betaal 'n 1% vaardigheidontwikkelingsheffing.

(4)

4.2 **INTERNE BEHEER: BYBY GROOTHANDELAARS**

Die boekhouer, Ronnie, reik fakture en kredietnotas uit, ontvang kontant van debiteure en deponeer dan die geld in die bank.

4.2.1 Dui aan wat met Ronnie se posbeskrywing verkeerd is.

(2)

4.2.2 Verskaf DRIE interne beheermaatreëls wat aangespreek moet word in Ronnie se posbeskrywing.

(6)

4.3 Die volgende inligting verskyn in die boeke van Servaas Handelaars vir Mei 2018.

GEVRA:

4.3.1 Voltooi die Salarisjoernaal vir Mei 2018.

(33)

INLIGTING

Servaas Handelaars het twee persone in die onderneming aangestel. Volledige inligting is soos volg:

Werknemer	Posisie	Basiese salaris	LBS	Mediese fonds per maand	Pensioen-fonds
B. Bushien	Kantoorbestuurder	R14 800 per maand	23 % van bruto	R530	7%
P. Piet	Boekhouer	R116 400 per jaar	R1 940 per maand	R225	R680 per maand

Ander aftrekkings:

1. Alle lede dra 1% van hul basiese salaris by tot die Werkloosheids-versekeringsfonds (WVF).

Die werkgewerbydrae is soos volg:

1. Dra 10% van die basiese salaris by tot die pensioenfonds.
2. Dra R2 by vir elke R1 wat die werknemer aan die mediese fonds betaal.
3. Dra 1% van die bruto salaris by tot die WVF.
4. Dra 1% van die bruto salaris by tot die Vaardigheidontwikkelings-heffing.

VRAAG 5: JAAREIND-AANSUIWERINGS

(50 punte; 35 minute)

- 5.1 Die Vooraansuiweringsproefbalans van Woolmer Sport Handelaars op 28 Februarie 2018, die einde van die rekenpligtige periode, word verskaf.

GEVRA:

- 5.1.1 Teken die aansuiwerings in die Algemene Joernaal aan. (50)
(Joernaalomsrywings word nie benodig nie)

INLIGTING:

WOOLMER SPORTWINKEL

VOOR-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2018

BALANSSTAATREKENING-AFDELING	DEBIET	KREDIET
Kapitaal		935 500
Onttrekkings	30 360	
Grond en Geboue	342 320	
Voertuie	336 400	
Toerusting	88 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1/3/2017)		113 640
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1/3/2017)		17 600
Handelsvoorraad	43 670	
Debiteurekontrole	36 960	
Bank	?	
Kleinkas	1 650	
Verbandlening		179 300
Krediteurekontrole		101 530
NOMINALE REKENINGE-AFDELING		
Verkope		828 240
Koste van verkope	413 300	
Debiteure-afslag	13 740	
Lone en Salarisse	120 875	
Diverse uitgawes	5 357	
Waardevermindering	31 240	
Oninbare skuld	1 770	
Versekering	13 000	
Huur inkomste		48 725
Advertensies	6 600	
Rente op lopende rekening		5 500
Bankkoste	2 398	
Telefoon	3 410	
Skryfbehoeftes	4 785	
Water en elektrisiteit	13 640	
Korting toegestaan	3 322	

AANSUIWERINGS

1. Die eienaar neem Handelsvoorraad ter waarde van R1 670 vir persoonlike gebruik. Dit was nie geboekstaaf nie.
2. Volgens die fisiese voorraadopname aan die einde van die jaar is die volgende voorhande:
 - Handelsvoorraad, R41 700
 - Skryfbehoeftes, R1 150
3. Die telefoonrekening vir Februarie 2018, R735 is nog uitstaande.
4. Kommissie, R1 800, is nog aan die onderneming verskuldig.
5. Versekering is vir 13 maande betaal.
6. Advertensies sluit 'n bedrag van R3 600 in wat betaal is vir ses advertensies in die Daaglikse Nuus koerant. Op 28 Februarie 2018 het slegs vier van die advertensies in die koerant verskyn.
7. 'n Gebreekte ruit is teen R1 590 vervang. Dit is per abuis as grond en geboue aangeteken. Herstel die fout.
8. Ingesluit by die huur is die huur vir Maart 2018. Neem in ag dat die huur met R1 075 per maand op 1 Januarie 2018 verhoog is.
9. Waardevermindering word soos volg bereken:
 - Op voertuie teen 10% op kosprys. 'n Nuwe voertuig van R120 000 is op 1 September 2017 aangekoop en dis is behoorlik geboekstaaf.
 - Op toerusting teen 15% op die verminderdesaldo-metode.

50

TOTAAL: 200